

Wenke oor uitdagings en aanpassings

Dr Johan Kriek

Hoe hanteer 'n wildboer die droogte en ander uitdagings? Bekende wildboer & veeartsenykundige DR JOHAN KRIEK sê wat hom betref is die toekoms van die wildbedryf in wildboere se eie hande. Soos in enige ander vorm van boerdery sal aanpassings egter noodwendig gemaak moet word.

Droogte

Die klimaat, veral die uiterste droogte vanjaar, het 'n geweldige invloed op alle vertakkings van boerdery, veral vee (bees en skaap) en droëland-saaiboerdery. Dit sal ook die wildbedryf beïnvloed, maar ek glo tot 'n baie mindere mate.

Die groot voordeel is dat die waarde van baie van ons wildspesies hoog genoeg is om voerkoste te regverdig. So kan 'n swartwitpens byvoorbeeld nie meer as R3 000–R5 000 se voer in 'n jaar vreet nie, en dit is kleingeld indien ek 'n dier het van R200 000 plus in waarde. Om 'n bees te voer, betaal net nie want 'n bees vreet twee keer meer as 'n swartwitpens en sy markwaarde (kommersieel) kan dalk nie sy voer betaal nie. Ons bid regtig vir landwyse reën, veral vir ons veeboere, maar ook vir alle vertakkings.

Hierdie droogte vanjaar, tesame met die geweldige termietplaag wat alles opgevrete het, het veroorsaak dat ek die laaste nege maande al my wild (sowat 800 stuks) moes voer. Die een voordeel is dat my swartwitpense byvoorbeeld twee maande vroeër as normaalweg bul gevat het. Swartwitpense dra 8½ maande. Gestel daar is 25 koeie en elkeen vat twee maande vroeër bul, beteken dit 50 maande se dragtigheid, dus min of meer ses kal-

wers ekstra. Hierdie kalwers dek al my voerkoste vir al die wild op die plaas.

Ek het toe gedink dat as elke veeboer net 'n wildboerdery-vertakking by sy veeboerdery inwerk, kan dit baie help om voerkoste vir sy bees en skaap te help dra. Dit is net ongelukkig duur om beeste deur so 'n droogte te voer.

Die wildbedryf het die afgelope tyd ongekende groei beleef en getalle, veral van skaarser wild (wild met 'n hoër ekonomiese waarde), het baie toegeneem. Dit sal ook daartoe aanleiding gee dat aanbod vraag kan oorskry, met die gevolg dat die mark kan en sal afplat tot 'n laer vlak. Baie van die skaarswild sal daardeur meer bekostigbaar word vir nuwe toetreders tot die wildbedryf, wat op sy beurt weer pryse kan laat styg. Ekonomiese kragte (vraag en aanbod) werk in alle ondernemings so.

As gevolg van getalle wat toeneem, besef baie wildboere dat nie *kwantiteit* nie, maar wel *kwaliteit* belangrik is – eerder minder, maar topgehaltediere.

Wenke vir nuwe toetreders

Ek dink dit is belangrik dat ons as gevestigde wildboere nuwe toetreders waardevolle inligting gee.

Teel byvoorbeeld volgens wat jy enduit kan benut (as teeldiere verkoop of as jagdiere grootmaak). Begin by drakrag van jou eiendom. As jy vyf swartwit-

pensbulle 'n jaar wil laat jag, moet daar genoeg ruimte op jou plaas wees om elke jaar se vyf bulle in 'n aparte deel van die plaas, weg van die teeltrop, te laat loop vir ses jaar. Dan eers kan die teelptensiaal of jagdiere geïdentifiseer word. Mens moet dus 30 swartwitpense saam in 'n kamp kan laat loop. Dit is net een spesie. Sit nog 30 bastergemsbokbulle plus 45 buffelbulle by om drie van die topjagspesies te hê. ('n Buffel vat so nege jaar om 'n jagbul met 'n harde boss te word.) Mens kan hieruit sien dat jy 'n baie groot gebied nodig het om al jou diere enduit deur te sien. Nie al die diere is teelmateriaal nie, maar ongelukkig moet mens jou diere kans gee om hul potensiaal te toon.

Dit help nie om net die vroulike (duurder deel) van die mark te benut

Kwaliteit eerder as kwantiteit sal voortaan in alle spesies die toekoms wees. Trofeejagters soek altyd kwaliteitdiere en ons moet nooit vergeet dat ons moet teel met die eindverbruiker in gedagte nie.





Voermengers kan baie voordelig wees om ruvoer soos lusern, kuilvoer en wildpille te meng en om hoeveelhede eweredig tussen al die verskillende voer-areas te versprei.

nie, dan stort (*dump*) mens oortollige jong manlike diere teen goedkoop pryse in die mark om van hulle ontslae te raak. Dit mag wees dat van hierdie jong bulle die volgende 55"-swartwitpensbul gaan word, wat vir miljoene kon verkoop het en jy gee hom weg teen 'n goedkoop jongbulprys.

Indien elke boer net hierdie beginsel volg om elke dier te laat uitgroei en te benut, sal ons nooit 'n "borrel" in die wildbedryf hê wat gaan bars nie.

Dit help nie om net vroulike diere te teel om te bemark nie. Elke boer weet tog dat dit die nommer een-vertakking is, maar tot nadeel van die hele wildbedryf.

Dit is hoe die diamantbedryf byvoorbeeld staande bly – hulle bestuur 'n ooraanbod van diamante.

Ontwikkel elke faset of vertakking van wildboerdery

Ontwikkel elke faset of vertakking van wildboerdery, bv ekotoerisme, teel van skaarswild maar ook gewone wild van topgehalte, jag (trofee- en biltongjag) en vleisverwerking. In laasgenoemde lê 'n groot toekoms vir die wildbedryf met 'n natuurlike, organiese produk uniek aan Suid-Afrika.

Raak betrokke by alle landsburgers, veral opkomende boere. Kom ons help hulle om 'n sukses te maak van boerdery, in besonder met wild, en ek waarborg ons sal 'n verdere 20

jaar of meer se gesonde bedryf hê.

Daar is 34 000 kommersiële boere waarvan net 'n klein persentasie regtig geldmaak. Wildboerdery kan 'n groot klomp van die boere se inkomste verbokant die broodlyn bring. Die regering van die dag sal nie anders kan as om die invloed en ekonomiese impak van die wildbedryf in Suid-Afrika en vir alle landsburgers raak te sien nie. Hy behoort dan baie geld in die bedryf in te ploeg om arbeidsgeleenthede te skep, om nie eens te praat van die positiewe beeld wat ons bedryf in hierdie land sal skep nie.

Tagtig persent van ons grond het lae landboupotensiaal, maar met wild is dit absoluut ideaal om 'n groot inkomste vir alle Suid-Afrikane te genereer.

Benutting van veld

Onderbenut veld eerder as om dit te oorbenut. Daar word gesê dat 'n goeie veeboer eintlik 'n "grasboer" is – hoe waar is die woorde nie!

Al boer jy volgens 'n kleinkamp-stelsel, sorg dat jy die getalle in die klein kamp volgens die plaas se drakrag hou.

Sodoende verseker ek jou sal daar min van die probleme wees wat ons nou al hoe meer sien in oorbelaaiete kleinkamp-stelsels: probleme soos inwendige en uitwendige parasiete, bakleiery en siektes soos in voerkrale waar diere alles uit voerbakke kry en weinig van die veld benut. Benut asseblief die veld in klein kampies; gee

Vervolg ➔

Plaas altyd genoeg voerbakke vir elke individuele bok. Dominante koeie sal jong verse, bulletjies en minder dominante koeie soms van die voerbakke weghou. Sekere diere sal dus min voer kry en ander sal weer die risiko loop van te veel voer, en in gevalle waar te hoë energie-voer gegee word, kan die diere neurologiese probleme opdoen.



➔ *Vervolg*

so min moontlik konsentrate. Boer so natuurlik moontlik met die dier.

Ek het nou met die droogte eers besef wat my veld (weiding) op my plaas werd is – honderde duisende rande per maand aan voerkoste. Ek het tog my plaas gekoop sodat my wild daardie veld moet benut. Ek gee gewoonlik net bietjie byvoeding met spoorelemente deur die swakker maande omdat die omheining die diere tot 'n sekere gebied beperk en hulle nie alles uit die veld kan kry nie, maar ongelukkig was die laaste paar jaar se droogte vir ons 'n baie lang tydperk van “swakker maande”.

Voer

Wees veral versigtig met dragtige diere om slegs lusern te voer aangesien dit baie hoog is in kalk en dit kan die kalk / fosfaat-verhouding wat 2:1 behoort te wees, versteur.

Simptome van dragtige diere kan soortgelyk wees aan melkkoorsindroom waar die balans van minerale soos kalk, fosfaat en magnesium versteur word. Om gebalanseerde wildpille by te voeg, help om die fosfaatinhoud te verhoog en om sodoende die verhouding gunstiger te hou.

Die belangrikheid van spoorelemente kan nie genoeg beklemtoon word nie – gee dit deur die jaar, veral koper, kobalt en selenium. Ruvoer is ook geweldig belangrik, want dit hou die rumen, die “fabriek” van die dier, in 'n gesonde toestand.

Die reën het plek-plek begin val en ek glo waar gemoedere laag was, is dit besig om “op te tel”. Dit gaan nog steeds 'n besondere jaar wees vir die wildbedryf waar

boere meer innoverend sal begin raak in hul wildteling, boerdery, bemarking en diversifisering. Van die 31 jaar wat ek nou in die wildbedryf is, is hierdie vir seker nie die eerste droë jaar nie en definitief nie die eerste tydperk waarin wildpryse afplat of daal nie. Wees dus verseker dat uit ervaring hierdie nou die beste tyd is om te belê, want tye verander, meer beleggers en nuwe toetreders kan nou weer bekostig om in te klim en waardes kan dus binnekort weer eksponensieel toeneem namate vertroue en ekonomiese toestande weer gunstig raak. 🦌

Daar is 34 000 kommersiële boere waarvan net 'n klein persentasie regtig geldmaak. Wildboerdery kan 'n groot klomp van die boere se inkomste ver bokant die broodlyn bring. Die regering van die dag sal nie anders kan as om die invloed en ekonomiese impak van die wildbedryf in Suid-Afrika en vir alle landsburgers raak te sien nie.



'n Maagbuis word toegedien vir ontworming en ook om rumen aan die gang te kry. Terselfdertyd word ekstra wildpille vir fosfaat en bykomende proteïene toegedien.

